GOUDRAND GEBIEDSGOEDGEKEURDE NAWEEK (GGA/N – 2022/11)

(Aangebied deur Unika Voortrekkers)

Godsdiens

20-22 Mei 2022

Inligtingsbrief

Inskrywings

Inskrywings open 6 Mei 2022.
Sluitings datum vir inskrywings – 15 Mei 2022 om 18:00.
Maak asseblief seker dat die opgaaf (Excel leêr) volledig en korrek ingevul word.
Die opgaaf word per span ingedien, geen individuele inskrywings sal aanvaar word nie.
Die opgaaf sal terug gestuur word indien dit nie volledig ingevul is nie.

Voorsien asb. ten minste 1 Offisier of Volwasse meeloper per span.
Betalings moet asb. in jou Kommando se rekening betaal word.
Inskrywings en betalings moet asb. deur die onderskeie kommando's hanteer word, en in kommando / spanverband deurgestuur en betaal word.
Geen individuele inskrywings of betalings sal aanvaar word nie.

Kommandos: Voorsien asb. een volwassene (Meelopers) vir elke 8 jeuglede wat ingeskryf is. Meelopers help om die GGN vlot te laat verloop en met die dissipline van jou span. Meelopers help ook met die uitvoer van take soos deur die aanbieder versoek. Meelopers slaap oor saam met hul spanne.

GEEN NUWE INSKRYWINGS WORD OP DIE SPESIALISASIEDAG SELF AANVAAR NIE.
GEEN GELDE IS TERUGBETAALBAAR VIR KANSELASIES NA DIE AFSLUITINGS DATUM NIE.

Administrasie

Volledige inskrywingsvorm per span moet per e-pos gestuur word na chaleen@vodamail.co.za

Kursusgelde moet asb. in jou betrokke kommando se rekening betaal word.
Die GGN organiseerder sal 'n faktuur stuur aan die kommando vir totale gelde betaalbaar.
Rekening besonderhede sal verskaf word aan die betrokke Kommandos.

Waar

NG Kerk Randburg

Hoek van Dover Straat en Vine Avenue

Ferndale

Randburg

2194

Kostes

(GR7) Godsdiens	R 300.00 p/p Sluit alle etes en kursusmateriaal in.
Volwassenes – Naweek	R 230.00 p/p Sluit alle etes in.
Etes	1. Vrydag Aand Ete 2. Saterdag Ontbyt 3. Saterdag Middag Ete 4. Saterdag Aand Ete 5. Sondag Ontbyt

Registrasie

Maksimum 40 kursusgangers	**Registrasie:**	Vrydag, 20 Mei 2022, 16:00 tot 17:00 by NG Kerk Randburg.
	Kursus eindig:	Sondag, 22 Mei 2022, 10:00 by NG Kerk Randburg.

Sertifikate

Die sertifikate word gedruk volgens die spelling op die inskrywing, maak asseblief seker die spelling is korrek. Sertifikate sal binne 7 dae na afloop van die GGN beskikbaar wees.

Navrae

Kamp Leier:	Eugéne Geldenhuys	083 572 1121	kl@unikavories.org.za
Kamp Admin:	Adele Slazus	082 400 8550	adele.slazus@gmail.com

Inpaklys

Algemeen

- ☐ Bring slaapsak, kussing, kombers en matrassie.
- ☐ Aktiewe Voortrekkerdrag (kinders en volwassenes, regte kleur donker blou warm drag).
- ☐ Formele Voortrekkerdrag vir Sondag se Kerkdiens.
- ☐ Sweetpak om in te slaap.
- ☐ Nota met nood kontak nommers en Mediese fonds besonderhede (Sien onder aan bladsy).
- ☐ Geen stort geriewe is beskikbaar nie. Bring 'n wassakkie.
- ☐ Bring volledig toegeruste bordesak (gewone bord, 5 x papierborde, mes, vurk, lepel, beker, afdroog doek).

Kursus benodighede

- ☐ Bybel
- ☐ Selfoon met data
- ☐ Bybelse kleredrag
- ☐ Pennesakkie
- ☐ Gom en skêr en versierings om 'n plakkaat te maak.
- ☐ Navorsing doen oor Godsdiens in ons volk se verlede (kies slegs een):
  - *Jan van Riebeeck se gebed toe hy voet aan wal gesit het.*
  - *Die rol van die Hugenote in ons land.*
  - *Die rol van die Bybel op die Groot Trek.*
  - *Die gelofte by Bloedrivier.*

NOTA: Maak asseblief seker dat ALLES duidelik gemerk is. Die spesialisasie is volgepak met aktiwiteite en soms lei organisasie en dissipline daaronder.

Vul asseblief die vorm in, bring saam en handig in tydens registrasie.

NAAM en VAN	
NAAM van ouer/voog	
KONTAK Nr. van ouer/voog	
MEDIESEFONDS NAAM	
MEDIESEFONDS NOMMER	
KOMMANDO	
ALLERGIEË	

COVID-19 Prosedures

Prosedures vir kommando-; oord en gebiedsbyeenkomste en aktiwiteite

Hierdie GGN sal die volgende fundamentele maatreëls gehandhaaf:

1. Hierdie aktiwiteit sal 'n COVID-19 offisier hê om die reëls toe te pas. Die aanbieder sal die persoon aanwys en dit aan almal kommunikeer.
2. Die aktiwiteite sal Voortrekker gerig wees, dus gerig op graadwielwerk, spesialisasies, vaardighede en onderrig.
3. Die aktiwiteit sal volledig en korrek opgeteken word in die presensie register. Elke persoon moet 'n "skanderings vraelys" en die register voltooi.
4. Handreiniger sal tydens registrasie gebruik word deur alle persone.
5. Temperature sal gereeld geneem word.
6. Daar sal kortliks 'n COVID-19 gesprek gevoer word sodat persone bewus is van die reëls.
7. Wanneer daar geëet of gedrink word en met die handhawing van sosiale afstand, mag maskers afgehaal word.
8. Goeie sanitering of was van hande met seep en water voor en na aktiwiteite sal verseker word. Daar sal by elke bymekaarkom punt handreiniger beskikbaar wees.
9. Sosiale afstand sal te alle tye gehandhaaf word.
10. Elke lokaal wat vir groepaktiwiteite gebruik word, sal volgens regulasies gemagtig wees om aktiwiteite te verrig / aan te bied.
11. Sale en aanbiedings lokale se vensters sal deurgaans oop wees.
12. Gereelde gebruikte areas sal daagliks in die oggend skoongemaak word met 'n reinigingsmiddel. (deurhandvatsels, vensterknippe, badkamer vloere, saal vloere en kombuis areas waar opgeskep en kos gemaak word)
13. GEEN kontak speletjies of -aktiwiteite of -sport sal toegelaat nie.
14. GEEN besoekers word vir die duur van die aktiwiteit toegelaat nie. Slegs ingeskrewe en goedgekeurde aanbieders sal wel vir die duur van die aktiwiteit / aanbieding toegelaat word.
15. Indien simptome waargeneem word gedurende die aktiwiteit, moet die persoon die aktiwiteite / area onmiddellik verlaat.
16. Alle aanmeldings van siekte of moontlike COVID-19 simptome moet onmiddellik na die bestuur gekommunikeer word.
17. Indien iemand binne een (1) week na die aktiwiteit positief vir COVID-19 toets, moet die COVID19 offisier / kommandoleier / organiseerder ingelig word. Dit is die organiseerder se verantwoordelikheid om die gebiedsleier en gebiedsekretaris in te lig.

Sosiale afstand in slaaplokale.

1. Sosiale afstand moet toegepas word sodat vyftig persent (50%) of minder van die kapasiteit van 'n lokaal of tent gebruik word.
2. Offisiere slaaplokale en tente mag nie meer as vyftig persent (50%) van die lokaal se kapasiteit oorskry nie.
3. Slaaplokale moet deeglik ventileer en vensters moet vol oop wees in die dag en gedeeltelik in die nag.